Regterkant

Linkerkant



Voortrekkerdrag

Offsier-erkenningsbaadjie-uitleg

Die Voortrekkers

Kentekens op Erkenningsbaadjie van Volwassenes

Regterkant		Linkerkant
Naambalkie Die naambalkie kom in die middel van die skouer, **100 mm** van die skouernaat af.	1.	**Voortrekkerwapen** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, **100 mm** van die skouernaat af.
Groepkenteken Die groepkenteken kom **30 mm** van die onderkant van die naambalkie af.	2.	**Gebiedswapen** Die gebiedswapen kom **10 mm** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af.
Hoofleierswag/Presidentverkenner Hierdie kenteken kom **30 mm** van die onderkant van die groepkenteken af.	3.	**Kommandonaam** Die kommandonaam kom **10 mm** van die onderkant van die gebiedswapen af.
Kursus Die kenteken van die laaste kursus wat voltooi is, kom **30 mm** van die onderkant van die HW- of PV-kenteken af. Indien geen HW of PV gedra word nie, kom die kursuskenteken **30 mm** van die onderkant van die groepskenteken af. (Slegs een kursuskenteken word gedra.)	4.	**Medaljelintbalkie** Die medaljelintbalkie kom **10 mm** van die onderkant van die kommandonaam af.
ABC-Toekenning Die kenteken kom **30 mm** van die onderkant van die kursuskenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien geen kursuskenteken gedra word nie, kom die ABC-kenteken **60 mm** van die onderkant van die Hoofleierswag-/Presidentverkennerkenteken af. Indien geen kursuskenteken of Hoofleierswag-/Presidentverkennerkenteken gedra word nie, kom die ABC-kenteken **60 mm** van die onderkant van die groepkenteken af.	5.	**Rangkentekens** Die rangkentekens kom **10 mm** van die onderkant van die medaljes af. **Indien nog geen medaljes toegeken is nie, kom die rangkentekens 30 mm van die onderkant van die kommandonaam af**. (Vou die lint tot **10 mm**)
	6.	**Getroue diensjare** Die kenteken kom **10 mm** onderkant die rangkenteken. Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk **50 mm** van die onderkant van die spankenteken af. Indien geen rangkentekens of medaljelint gedra word nie, kom die jukskei **70 mm** van die onderkant van die kommandonaam af. 1. Na een jaar getroue diens word 'n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met 'n groen jukskei, jaar drie met 'n blou jukskei en jaar vier met 'n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die rooi jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope.)
	7.	**75 Jaar Feeskampkenteken** Hierdie kenteken kom **10 mm** onderkant die kenteken vir getroue diens.